BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# BRIEWE AAN DIE KERK

# Deel 4 – Pergamum: Oorwin Kompromie

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle ʼn sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **In watter areas van die samelewing ervaar jy verander mense hul waardes maklik om aan te pas by kultuur?**
- **Wat dink jy is die effek as mense se waardes nie vasstaan ten spyte van veranderings in kollegas, leiers, omstandighede en finansies nie?**
- **Wat dink jy is die gevaar as mense self bepaal wat waar is en hulle nie glo in 'n absolute waarheid nie?**
- **Kan jy dink aan 'n tyd in jou lewe waar jy die verkeerde aanpassings gemaak het om in te pas of vorentoe te gaan in jou loopbaan, wat jou later kom byt het? Vertel jou groep daarvan indien jy gemaklik is.**

**Lees deur Psalm 19:8-15 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Daar word 6 eienskappe van God se woord in vers 8-10 genoem asook die voordeel wat hierdie eienskap inhou. Kyk of jy almal kan identifiseer? Watter een staan vir jou uit?**
- **Wat is die waarde vir mense wat vashou aan hierdie voordele?**
- **Wat dink jy bedoel Dawid in vers 13 en hoe kan die Woord van God ons daarin help?**
- **Dink jy Christene voel nog oor die Woord soos Dawid in vers 11 daaroor voel? Voel jy tans so oor die Woord as jy na jou eie lewe kyk? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende verse in Psalm 119 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Vers 1-14: Watter voordele hou God se Woord vir ons in?**
- **Vers 24, 98-100, 105: Hoe kan ons raad in die Woord van God kry?**
- **Vers 18, 27, 34, 125, 130: Hoekom is dit belangrik om te vra dat die Here vir ons sy Woord oopbreek sodat ons dit kan verstaan?**
- **Vers 37: Hoe kan God se Woord ons weerhou van 'n nuttelose lewe?**
- **Vers 71: Hoe het jy al hierdie in jou eie lewe beleef?**
- **Vers 143: Hoe kan God se Woord ons help in tye van angs, stres en bekommernis?**

**Lees 2 Timoteus 3:16-17 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoe kan God se Woord ons keer dat ons nie kompromieë aangaan met die wêreld in hoe ons leef nie?**
- **Hoe kan die Woord van God ons help onderskei wat waar is in 'n wêreld waar ons gebombardeer word met allerlei inligting uit allerlei bronne?**
- **Watter uitwerking het God se Woord in ons lewe volgens vers 17?**

- **Wat ervaar jy is kompromieë of aanpassing wat jy gemaak het wat jy moet verander?**
- **Hoe kan jou GROEP jou daarin ondersteun?**
- **Hoe kan jy sorg dat God se Woord die hoogste gesag in jou lewe bly?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**